JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL
NUUSBRIEF: 35 04 Nov – 11 Nov 2022

KRIEKET
Die 0/13 span het Vrydag,28 Oktober teen Seodin verloor met die aandliga. Hulle speel Vrydag om 12:00 by die Kimberley Country Club in die semi-finaal vir die Skildbeker teen HC Rose HUB. Seuns sal om 10:00 verdaag en 10:15 vertrek na Kimberley.
Afhangende van die uitslag van hierdie wedstryd, sal bepaal of hulle dan Saterdag by Newton Laerskool om 12:00 speel.

Die 0/11 span sou Woensdag, 2 November teen President Brand gespeel het, maar die wedstryd het uitgereën.
Hulle speel Dinsdag, 8 November hul laaste wedstryd vir die jaar op ons veld teen Brandwag om 14:00. Seuns verdaag 13:30.

TWEEKAMP
Baie geluk aan die volgende leerders wat plekke behaal het met die 2de liga op Dinsdag, 1 November.
0/13 Seuns
Christiaan Wilkinson – 2de plek

0/15 Dogters
Chané Fourie – 5de plek

ATLETIEK
Paar van ons atlete het Saterdag, 29 Oktober aan die JF uitnodogings byeenkoms in Bloemfontein gaan deelneem en die volgende atlete het plekke behaal. Baie geluk julle!
Chanlé Jacobs - 3de plek in Hoogspring
Elri de Waal - 2de plek in Verspring
Claire Combrink - 2de plek in Spiesgooi
- 3de plek in Gewigstoot
- 6de plek in Diskus

DISKONTO BOEKUITSTALLING
Ouers, leerders en belangstellendes is welkom om die Diskonto boekuitstalling op **Donderdag, 17 November** en **Vrydag, 18 November** in **Annex 3 (klaskamer)** te besoek. Boekpryse is besonders billik en ‘n groot verskeidenheid is beskikbaar. Kom ondersteun hulle gerus.

PRYSUITDELING
Die jaarlikse prysuitdeling vind plaas op 11 November. Let asb. op die volgende inligting:
- Leerders wat nie pryse kry nie, hoef nie skool toe te kom nie (Gr.4-7).
- Leerders in die GF kry almal pryse. Hulle moet almal die prysuitdeling bywoon.
- Na die Junior prysuitdeling mag GF huis toe gaan (ouers moet asb. leerlinge kom kry).
- Alle leerders moet skoolklere, skoene en kouse aanhê. (Netjiese voorkoms). Geen “sivvies” nie.
- Leerders wat op **Provinsiale vlak** of hoër aan buitesporte deelgeneem het, moet onthou om ‘n Baadjie of Sweetpakbaadjie (niks anders nie) te bring wat op die Prysuitdeling aan hulle uitgedeel gaan word.

UITEENSETTING VAN AKADEMIESE PRYSE
SENIOR PRIMÊR:
- Meriete toekenning per vak: Bo 80% en word slegs vir die volgende vakke toegeken: Afr / Eng / EBW / SW / NW of NWT / WISK
- Gemiddelde persentasie van leerder: Meriete toekenning bo 75%.
- Half Erekleure bo 80%
- Erekleure bo 85%
- Vol Erekleure (penning) word aan ‘n leerder toegeken wat vir twee jaar agtereenvolgend ‘n gemiddelde persentasie bo 85% behaal het.
- Vordering word vir 6% of meer toegeken wanneer dit **progressief** oor 3 kwartale plaasgevind het.

JUNIOR PRIMÊR:
- Meriete toekenning: Gemiddeld van bo 80% oor drie kwartale.
- Baie goeie standaard: Gemiddeld van bo 75% oor drie kwartale.
- Goeie standaard: Gemiddeld van 70% oor drie kwartale.

BIBLIOTEEKBOEKE TERUGBESORG
Biblioteekboeke kan van Maandag, 7 November af ingehandig word.
Sperdatum: Teen 14 November moet alle biblioteekboeke ingehandig wees.

EKSAMEN
Net weer ‘n herinnering dat die eksamen op 17 November begin.
Ons heg weer vir u die eksamenrooster aan. Help asb.u kind om mooi voor te berei vir die eksamen.

DIE JAAR SE FOTO'S TE KOOP OP USB
Ouers kan met die aangehegte afskeurstrokie die jaar se foto's bestel teen R20 wat die volgende sal insluit:

- Kwartaal 1 & 2
- Kwartaal 3 & 4
- Toer
- VCSV-kamp

Stuur asseblief 'n skoon USB saam met u kind met sy/haar naam op, asook die geld en afskeurstrokie na die klasonderwyser.

KOSHUISFOOIE
Alle koshuisfooie moet teen Vrydag, 11 November op datum betaal wees, anders sal u kind nie toegelaat word nie. Geen alternatiewe reëlings kan na die datum aanvaar word nie.

VERGADERINGS:
Hiermee geskied kennis van die volgende vergaderings op **Maandag, 7 November:**

- Finansiële komitee @ 12:00
- Beheerliggaam @ 14:05

KOEKIEVERKOPING WINS
Baie dankie aan die Graad 1-mammas wat heerlike eetgoed gestuur het met hulle koekieverkoping. Die klas het 'n pragtige bedrag van R2587,00 ingesamel.

…….
Mnr PW Tait
SKOOLHOOF

GEBEDSLYS:

- **Ons is dankbaar vir die heerlike reën.**
- **Sterkte aan ons leerders met die eksamen wat voorlê.**
- **Geluk Juf. Elza wat 'n kleinseun ryker geword het.**

FINALE EKSAMENROOSTER
17 NOVEMBER – 28 NOVEMBER 2022

Dag:	*Dat:*	*Gr 1:*	*Gr 2:*	*Gr 3:*	*Gr 4:*	*Gr 5:*	*Gr 6:*	*Gr 7:*
Do.	**17**	WISK	WISK	**UITSTAP**				
Vr.	**18**	WISK	WISK		AFR	NWT	NWT	AFR
Ma.	**21**	AFR	AFR	AFR	ENG	AFR	**WISK**	**NW**/TEG
Di.	**22**	AFR	AFR	**ENG**	NWT	SW [GESK]	SW [GESK]	EBW
Wo.	**23**	ENG	ENG	ENG	SW [GEO]	SW [GEO]	LV	SW [GESK] LO
Do.	**24**	ENG	ENG	LV	LV	ENG	SW [GEO]	**ENG**
Vr.	**25**	LV	LV	WISK	**WISK**	**WISK**	AFR	SW [GEO]
Ma.	**28**	LV	LV	**WISK**	SW [GESK]	LV	**ENG**	**WISK**

DISKONTO BOEKE/BOOKS

BIED 'n BOEKE-UITSTALLING AAN:
PRESENTS A GIANT BOOK DISPLAY:

WANNEER/WHEN?

17 - 18 Nov 2022

TYE/TIMES?

17/11: 10H00 - 15H00
18/11: 07H30 - 14H00

DIS 'n BOEKWURM SE DROOM!

IT'S A BOOKWORM'S DREAM!

WAAR/WHERE?

Laerskool Jacobsdal

"ELKE KIND VERDIEN 'n GOEIE BOEK."

Ons bied 'n groot veskeidenheid boeke aan, van naaldwerk-, kook- en Geestelikeboeke sowel as kinder fiksie en nie-fiksie boeke. 'n Wye verskeidenheid Engelse boeke ook beskikbaar.

"EVERY CHILD DESERVES A GOOD BOOK"

We offer a large variety fiction & Non-fiction books direct to the public at affordable prices.

Ons aanvaar debiet-/ kredietkaarte
Debit/Credit Cards accepted

Vir meer inligting kontak: For more info please contract:

JOHAN PETTIT C: 082-574-3926

AFSKEURSTROKIE: FOTO'S

Ouer: _____

Leerder: _____ Gr. _____

Handtekening: _____

Kontak no: _____

KOSTE: R20 (Onthou USB)